

Hoërskool Swartland

Hoërskool Swartland Astro-baan: Beleid vir reëls en bestuur

Opgestel deur Beheerliggaam

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 07/09/2018

ASTRO-BAAN: REËLS EN BESTUUR

1. Inleiding

Hierdie dokument is opgestel om te verseker dat die Astro-baan suksesvol bestuur en optimaal benut word terwyl die volhoubaarheid van die baan verseker word.

Enige oortreding van die reëls kan lei tot onmiddellike uitsetting of weiering van toekomstige huurversoeke.

Die huurder kan aanspreeklik gehou word sou enige oortreding van die reëls tot skade en gepaardgaande finansiële implikasies lei.

2. Reëls

2.1 Geen persoon mag:

(a) die baan sonder toesig betree nie;
(b) die baan sonder die korrekte/goedgekeurde skoene betree nie;
(c) die baan met vuil skoene betree nie;
(d) kougom of enige eet-/drinkgoed op die baan nuttig/neem nie. Slegs water, maar geen glashouers;
(e) op die baan rook of die baan onder die invloed van enige onwettige dwelmmiddels of alkohol betree nie;
(f) enige stokke/ander gevaarlike/skerp voorwerpe op die baan gooi of inbring nie;
(g) op die baan spoeg nie;
(h) vuil taal gebruik of enige ander onwelvoeglike gedrag openbaar nie;
(i) oor die heining van die baan klim of daaroor leun/hang nie;
(j) die baan in die donker betree nie (in die afwesigheid van beligting);
(k) die baan met juweliersware betree nie;
(l) enige troeteldiere op die baan toelaat nie;

2.2 Slegs geskeduleerde spanne, afrigters, spanbestuurders en skeidsregters mag die Tegniese Area betree.

2.3 Enige speler wat 'n besering opdoen wat bloeding tot gevolg het, moet onmiddellik van die baan verwyder word en deur die noodhulpbeampte behandel word.

2.4 Toeskouers en ondersteuners moet gebruik maak van die geallokeerde sit- en/of staan areas en mag onder geen omstandighede die baan of Tegniese Area betree nie.

2.5 Die baan en geallokeerde sit- en/of staan areas moet te alle tye skoon gehou word en die strooi van rommel is streng verbode. Gebruik asseblief die asblikke wat strategies geplaas is.

2.6 Die kleedkamers moet te alle tye gebruik word om te verklee en geen aantrekkery sal in die Tegniese Area, of die area voor die kleedkamers, geduld word nie.

2.7 Die Astro-baan bestuurder moet toesien dat die kleedkamers oopgesluit is vir die spelers, asook dat die kleedkamers skoon is.

2.8 Die besprekingskedule moet altyddeur gerespekteer word. Die baan mag slegs vir die tydperk wat aan die spesifieke span toegestaan is, gebruik word. Geen afwyking van die tye sal toegelaat word nie.

2.9 Toegang tot die baan sal slegs toegelaat word indien die verhuringsprosedure gevolg is en alle gelde betaal is ooreenkomstig die verhuringsbeleid van Hoërskool Swartland.

2.10 Die Astro-baan bestuurder/toesighouer het die mandaat om enige speler/span van die baan te verwyder en mag eie diskresie/oordeel in hierdie gevalle gebruik. In sulke gevalle moet die veiligheid van spelers, sowel as die beveiliging en goeie instandhouding van die baan voorkeur geniet.

Beleidswysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hts Swartland OP HIERDIE 7e DAG

VAN September 2018.

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof